*Redakteur* | **Editor**
Grizéll Azar-Luxton
Tel: (021) 483-2446

*Subredakteur* | **Sub-editor**
Janine de Villiers
Tel: (021) 483-2234

*Grafiese Ontwerper* | *Fotograaf*
**Graphic Designer** | **Photographer**
Monica Wagner

*Administrasie en Advertensies*
**Administration and Advertising**
Hennelie de Klerk

*Tel: (021) 483-2483*
*Faks* | **Fax**: (021) 419-7541
*Webtuiste* | **Web site**
www.capegateway.gov.za/library
*E-pos* | **E-mail**
capelib@pgwc.gov.za
grizell@iafrica.com

*Adres* | **Address**
Posbus 2108 Kaapstad, 8000
PO Box 2108 Cape Town, 8000
*Geïndekseer in* | **Indexed in** LISA
(Library and Information Science Abstracts)
© Biblioteekdiens © Library Service
SA ISSN 0 008 5790

*Reproduksie en Drukwerk*
**Reproduction and Printing**
Creda Communications(Pty) Ltd
Eliot Avenue, Epping II, 7460

*Omslagontwerp* | **Cover design**
Monica Wagner

*Fotografie* | **Photography**
Wayne Keet

### *Redaksionele beleid*

Die **Kaapse Bibliotekaris** is die huisblad van die Wes-Kaapse Provinsiale Biblioteekdiens en verskyn tweemaandeliks. Dit bevat artikels oor biblioteek- en inligtingwese, nuusberigte, resensies, aanwinslyste asook praktiese artikels. Die redaksie behou hom die reg voor om, indien nodig, bydraes te redigeer, te verkort of te herskryf. Die publikasie van artikels wat nie in opdrag geskryf is nie, kan egter nie gewaarborg word nie. Die menings van medewerkers is nie noodwendig dié van die Biblioteekdiens nie. Alle kopie vir 'n bepaalde uitgawe moet die redaksie twee maande vooruit bereik. Artikels, briewe en nuusberigte kan direk aan die redakteur gestuur word.

### *Editorial policy*

The **Cape Librarian** is the house journal of the Western Cape Provincial Library Service and is published bi-monthly. Articles in the field of library and information science, library administration, news items, reviews and accession lists are included. The editorial staff reserve the right to edit, shorten, or rewrite any copy should it be deemed necessary. We cannot guarantee that unsolicited copy supplied will be printed. Opinions expressed by contributors are not necessarily those of the Library Service. Copy for a particular issue must reach the editor two months in advance. Articles, letters and news items should be submitted directly to the editor.

# FEESGROETE ☆ SEASON'S GREETINGS

Kersfees, jaareinde en die begin van 'n nuwe jaar - die feestyd wat ons weereens tegemoet gaan. Daar is sekerlik vir almal van ons ook unieke betekenis aan hierdie feestyd, maar tog bly dit vir almal 'n tyd van terugblik, besinning en verwagting op wat die nuwe jaar sal bring.

Dienslewering by openbare biblioteke het die afgelope aantal jaar, sedert 1997, onder geweldige druk gekom. Dit is nie nodig om in lang ontledings te verval oor die effek daarvan nie. Almal van ons - diegene wie die dienste lewer sowel as die gebruikers - ervaar die negatiewe invloed van immer meer beperkte personeel, funksionele ure en fisiese ruimte. Die grondslag van hierdie omstandighede is die beskikbaarheid - of altans gebrek aan beskikbaarheid - van voldoende befondsing om openbare biblioteke te bedryf, asook verder uit te bou na gemeenskappe wat oor geen of uiters gebrekkige dienste beskik. Hier word veral aan die dieper plattelandse gebiede gedink.

Die aangeleentheid het tans 'n kritieke een geword. Sekerlik lê die antwoord nie slegs in 'n benadering van meer en meer geld nie. Effektiewe strategiese beplanning waarin rasionalisasie, en effektiewer werkswyses 'n noodsaaklikheid is, is vanselfsprekend om die transformasie van openbare biblioteke deurlopend te vestig en die gehalte van dienste te verseker. Tog kan daar nie ontsnap word aan die - nou kritieke - behoefte aan voldoende befondsing om openbare biblioteke te bedryf nie. Die beskikbaarheid van voldoende bedryfsfondse vir openbare biblioteke is 'n ononderhandelbare gegewe indien ons 'n erns het met opvoeding, inligting, kennis en 'n geestelik gebalanseerde samelewing.

Die feestyd is 'n tyd van hoop en verwagting. Die groeiende tekens is dat alle partye, ingeslote die beheerowerhede van openbare biblioteke, die befondsingsprobleem begryp asook dat die aanspreek van die probleem 'n uiterste dringendheid het. In die positiewe gees van hierdie tyd glo ek dat die nuwe jaar nuwe inisiatiewe en oplossings sal bring en daar is reeds tekens van bereidwilligheid hiertoe. Laat daar egter geen twyfel wees dat 2005 'n waterskeidingsjaar gaan wees nie. Dit kan nie anders nie, want die uurglas het bykans uitgeloop.

Alle biblioteekpersoneel, sowel as die gebruikers oor wie dit in werklikheid gaan, word 'n mooi en geseënde feestyd toegewens.

**Johan Swiegelaar - Direkteur: Biblioteek- en Argiefdienste**

Festive greetings - Christmas - the end of one year and the dawn of another. Another festive season ahead. For each of us this time of the year holds a special meaning. It is a time of reminiscence, contemplation and of course, a certain amount of expectation of what the new year will hold for us.

Service delivery in public libraries has for the past few years been under considerable pressure. Prolonged analysis on the effects thereof is at this stage superfluous. We are all - service providers and library users alike - at this stage experiencing the negative influences of a constant loss of manpower, business hours and lack of accommodation.

Fundamentally this state of affairs is a result of a lack of funds required for the running of libraries as well as for the extension of facilities to communities with little or no access to suitable facilities. Remote rural areas in particular come to mind.


This problem has reached critical proportions. Additional funding, however, is not the only solution. Effective strategic planning encompassing rationalisation and productive work procedures are essential elements of the ongoing transformation in public libraries to ensure quality service delivery. One can, however, not escape the now critical need for additional funding required to run an effective public library service. Adequate operational funding is an essential requirement for public libraries and is a non-negotiable issue if we are serious about education, information, knowledge and a well-balanced society.

The festive season is a time of hope and expectations. The indications are that all parties, including the authorities in charge of public libraries, are aware of the funding crisis and the necessity for an urgent solution to the problem. I have seen the signs of a positive approach to the problems facing libraries and believe sincerely that the new year will see new initiatives and solutions. However, let there be no doubt that the year 2005 will be a watershed year - there is no alternative - the sands of time have almost run out.

My fervent wish for all library staff as well as all library users is a safe and peaceful festive season.

**Johan Swiegelaar - Director: Library and Archive Services**



*Peace and goodwill to all...*
*the editorial team*

*Vrede en goeie wense aan almal...*
*die redaksionele span*